**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**MOONTLIKE ANTWOORDE VIR :** **AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG (Derde Vraestel: Kreatiewe Skryfwerk en Letterkunde)**

---

## AFDELING C
## LITERATUURSTUDIE

### VRAAG 3

3.1 Sy verklik vir Allen. / Sy bring Allen opsetlik in die moeilikheid / Sy gaan die appels fyn trap. (1)

3.2 Die (loom, mompelende) getok van hoenders / Gepik van hoenders. (1)

3.3.1 'n Duif wat luid en opgewonde koer / "Ergens koerde luid en opgewonden een duif". (1)

3.3.2 Naderende onheil aan te kondig / Die vader se koms aan te kondig / Moelikheid / Spanning. (1)

3.4 Die half-uitgeskroefde boute van die leer is uitgedraai. (1)

3.5 Hy is alreeds stom geslaan / Hy word deur hulle mishandel / Hy word stief behandel / Hy het geen verweer nie / Hy is moedeloos. (1)

3.6 Nee (1)
Hy beplan en voer die moord op sy stiefpa uit. (1)

3.7 Hy is sterk, wreed, gewelddadig, brutaal, mishandel kinders. (enige twee) (2)

3.8 Stiefvader – Hy sterf 'n wrede dood.

**OF**

Allen – Hy word brutaal deur sy stiefpa mishandel. (2)

3.9.1 Die skrywer (1)

3.9.2 Hy deel mee dat dit die einde van die verhaal is / Dit was maar 'n spel / Dit was maar 'n storie / Die karakters is nie eg nie / Die verhaalgebeure is nie waar nie. (2)

3.10.1 Hy koop orrels, restoureer dit (bolangs), en verkoop dit (dan ten duurste). (2)

3.10.2 Eerlikheid naastediens is deel van hul kultuur / Hulle is opreg / goedgelowig / vertrou mekaar. (2)

3.11 Hulle stribbel nie baie teë nie / bly maar stil. (2)

3.12 Sy oë lyk nie eenders nie / As jy hom wil teenpraat begin jy te stotter, sodra jy in sy oë kyk. (2)

3.13 Toe oom Tinus dit aan hom stel sê: "Je oom is 'n schurk" / Hy het geen betaling ontvang nie (1)

3.14 Hy moes sorg dat 'n orrel vals klink /
Sy spel moet voornemende kopers ontroer sodat oom Adriaan 'n lonende transaksie kan beklink /
Hy het geen betaling ontvang vir die dag se harde werk nie.
(enige twee) (2)

3.15 Oom Adriaan/Kapel (1)
Hy is 'n gewetenlose manipuleerder / 'n hartlose uitbuiter / bedryf sy besigheid op 'n oneerlike manier / Maak 'n onskuldige kind deel van sy skelmstreke. (1)
(Enige een)

3.16 Ja. Ek verdien betaling na 'n dag se harde werk.

**OF**

Nee. Betaling sou my ook medepligtig maak aan sy uitbuitery. (2)
**[30]**

**OF**

**VRAAG 4**

4.1 Oom Adriaan het die tegniek om mense te bedrieg tot 'n fyn kuns ontwikkel. Heel aan die begin verras hy sy suster en vang haar op die verkeerde voet as hy skielik in die huiskamer verskyn en hulle nie kans gee om vooraf te besin oor sy "versoek" dat die kind hom daardie dag moet help nie.

Hy weet hoe om Truus, 'n jeugvriendin, te benader. Hy daag by haar agterdeur op en verras haar dus. As sy die orreltjie wat sy te koop aanbied by hom begin aanprys, maak hy haar gou stil met 'n kortaf "basta". Sy nefie is al vooraf touwys gemaak om die klank van die orreltjie so sleg moontlik te laat klink. Op onbeskofte wyse maak hy die orreltjie as 'n nikswerd stuk vuilgoed af. Die orrel beteken niks en die houtwerk is boonop besmet met kewers. Hy sien nie kans om enigiets te betaal vir die orrel nie, wel bied hy aan om vir vyftig gulden die orrel uit die huis te neem en dit te gaan vernietig. Vir Truus is dit darem te erg, sy stribbel teë, maar hy oordonder haar tog op die ou end: hy ruil die orrel vir 'n potjie houtkewersalf.

Meneer Brands is daardie dag sy volgende prooi. Brands is een van daardie super suiwer gereformeerdes wat nie lank met sondige mede-christene se interpretasie van die gereformeerde leerstellings kan saamleef nie. Net soos die vorige keer is hy weer besig met afstigting en hy en sy groepie moet dus vir hulle nuwe kerk 'n orrel hê. Hy het Brands dit nooit vergewe dat hy destyds direk na 'n verkoper gegaan het en sommer self die koop beklink het nie. Hierdie keer is oom Adriaan vooraf gewaarsku en met 'n ingewikkelde leuen hou hy Brands aan 'n lyntjie sodat hy tyd kan kry om self gou-gou nog 'n orrel wat geskik sou wees vir Brands se kerk te gaan koop. Daardie aand nog lewer hy die orrel, 'n Mannborg, in die klein kerkie af, 'n orrel wat hy vir sewentig gulden gekoop het. Brands betaal egter veertienhonderd gulden kontant daarvoor.

Die egpaar by wie hy die Mannborg koop, is arm mense en dit is dubbel tragies, want die man is so pas ongeskik verklaar deur die firma vir wie hy gewerk het. Dit blyk dat hy dit moeilik verwerk, maar dat sy geloof hom tog deur die moeilike tye help. Oom Adriaan slaan dadelik toe. Hy gebruik die verdriet en die kinderlike geloof om die grootste aantal guldens moontlik uit die egpaar los te slaan.

Op die ou end betaal hy slegs 50 gulden en 'n paar stukke gebruikte kindermeubels vir 'n waardevolle instrument.

Oom Adriaan is totaal gewetenloos.
(Kyk ook kandidate se eie insigte) (20)

4.2 Die man in die trein sorg vir 'n reeks komiese insidente. Eers sit hy sy hoed op die bagasierak neer en hang sy jas aan die haak by die venster. As hy gaan sit, breek die lussie aan sy jas en die jas val op sy kop. Daarna daag die kelner op met sy skinkbord. Die man neem vir hom koffie. Die verteller sien hoe hy suiker ingooi en die koppie na sy mond bring om te drink. Op daardie oomblik ruk die trein skielik en die man mors op sy das en die onderbaadjie. Die komiese effekte bereik 'n hoogtepunt as die man nie kyk waar hy loop nie en sy kop hard stamp teen die deur van die treinkompartement. Hy verdwyn kermend uit die gesig.

Die verteller is die ongelukkige man se medereisiger. Die verteller lag vir elke insident en sê dat hy moet lag; hy kan nie homself help nie. Hy verwys na sy geneigdheid om te lag op ongeleë oomblikke. Die vermaak en humor wat hy ervaar staan in kontras met die leed wat die ongelukkige man moet verduur.

Dit is baie kinderagtig van 'n volwasse man om oor sulke voorvalle te lag.
(Kyk ook kandidate se eie insigte) (10)
[30]

**OF**

## VRAAG 5

5.1 Hulle was slim / Hulle het ander vissers 'n les geleer / Daar was 'n skool visse waar hulle gevang het / Daar was baie visse waar hulle gevang het. (1)

5.2 Sy hou nie van vis nie, veral seevis / Sy wil hom nie aanmoedig nie / Sy wil hê hy moet wegbly / Sy wil haar dogter beskerm / Sy wil niks uit die see aanvaar nie / Sy wil hê hy moet onwelkom voel

(Enige twee) (2)

5.3.1 Verbasing / Verwondering / verstom / geskok / ongeloof (1)

5.3.2 Sy wil haar dogter beskerm, maar sy besef haar dogter is nie meer 'n kind nie en kan haar eie besluite neem / Sy besef dat haar dogter groot is en verlief op Wenning is (2)

5.4 Die vis was hierdie keer yl, (tog het Wenning vir hulle vis gebring) / Die spanning / konflik tussen Wenning en Hilda maak dit vir hom moeilik om 'n geskenk / toenadering te bring / soek. (2)

5.5 Sarkasme / Spot / Vermakerig / Leedvermarkerig (1)

5.6 Sy gesels en lag met Wenning en haar bewondering vir hom is ooglopend. / Sy praat met kennis van seevis, terwyl haar ma die see haat / Sy vra Wenning uit oor die vangste van die dag. (2)

5.7 'n Aanduiding van Hilda se erns om afstand te skep tussen haar en die see en Wenning en Milla. / Spanning / Dringendheid om afstand te skep (2)

5.8 5.8.1 Hy is gespanne. (1)

5.8.2 Hy konfronteer vir Hilda / Die rede vir sy gespanne toestand word gegee. / Gee uiting aan sy gevoelens. (2)

5.9 Ja.
Afwagting / Spanning word hierdeur geskep. / Die onderliggende spanning in die verhaal kom nou na vore. (2)

5.10 Ja.
Hilda haat die see / moedig Milla vir Wenning aan om oor sy visvangste te gesels.)
Milla kon haar ma se gevoelens / beskouing van die see in ag neem het.

**OF**

Nee.
Sy is openhartig / eerlik / stel werklik belang in Wenning se belewenisse. (2)

5.11 5.11.1 Hy vind dit 'n ergernis en hou nie daarvan om dit oor te vertel nie. / Hy hou nie van die storie nie / Hy is moedeloos om dieselfte storie oor te vertel / Hy weet dit is 'n leuen (2)

5.11.2 Hy het 'n heldeverering vir sy pa / Dis vir hom 'n baie mooi storie oor sy pa. / Hy hou van die storie / Dit bied troos aan hom (2)

5.12 Hy is geweldadig / raak gou boos / aggressief / humeurig (1)

5.13.1 Die verteller se vrees vir hul pa / Sy vrees vir Ouboet. / Ouboet is sterker as hy (2)

5.13.2 "Terugkeer van 'n soldaat" (1)

5.14 Die aandag word op Ouboet gefokus, nie op die verteller nie / Die verteller se stryd word onderbeklemtoon. / Ouboet ontneem die verteller se menswees (2)

[30]

**OF**

6.1 As die ek-verteller aan die stasievoorman skree dat hy 150 weke gelede al gesterf het, weet die leser vir die eerste keer wat die waarheid is, maar die ma verkies selfs by die "aanhoor" van hierdie realiteit om steeds in haar droomwêreld te bly voortleef. Die leser word stelselmatig voorberei op hierdie klimaks deur herinneringe wat die ek-verteller oproep: sy ma se ontvangs van die telegram, die offisier se besoek, sy medalje en sy besittings wat van Italië af gestuur is.

Terwyl sy ma in 'n wêreld van haar eie leef, verkeer die leser aanvanklik ook in 'n dwaal betreffende die ware toedrag van sake. Die terugflits van die telegram en die besoek van die offisier skep 'n duidelike beeld dat iets verkeerd is. Die driejaaroue gemmerbier bevestig hierdie vermoede. Die verskil lê daarin dat die leser meer en meer van die werklikheid begin verstaan en dit later begryp, terwyl die ma steeds voortgaan met 'n lewe waar die illusie die enigste maatstaf is waarvolgens sy wil en kan lewe. (10)

6.2 Frannie se pa, wie se naam ons nooit hoor nie, is 'n tipiese see-mens. Hy is geweldig prakties en realisties.
Ons leer hom ken as 'n harde mens. Hy is streng met sy seun en kan dit nie verwerk dat Frannie glad nie daarin belangstel om 'n visserman te word nie. Hy het ook 'n taamlike humeur en daar word verwys na die keer toe hy baie hardhandig met 'n visserman geraak het.
Hy is ook besonder trots en hardkoppig van geaardheid. Wanneer Frannie aan die hand doen dat hulle vir sy ma 'n kreef moet koop, skop hy teen die idee vas. Hy meen geen Skulpbaaier koop 'n "skerpioen" nie.
Sy liefde vir sy vrou word duidelik wanneer hy die kreefinspekteur en 'n moontlike twee jaar tronkstraf trotseer om vir sy vrou 'n "skerpioen" te vang. Dit is vir hom waarskynlik moeilik om te erken hoe hy voel en dis insiggewend as hy sê: 'Ek't vir haar gesê sy kry haar krismisboks vroeg vanjaar – sommer omdat ons haar liefhet."

Praat nie maklik oor sy vrou se siekte nie. / Vermy dit
Geboë skouers - dui op verwerking van swaarkry
Tekens van agteruitgang
Frustrasie - skree op vrou by die sentrale

(10)

6.3 Eerstens dui die titel op die inkomende gety, daar waar die rivier in die see mond, waar die riviervisse en die seevisse by mekaar uitkom. Hierdie gebied waar die see en die rivier bymekaar kom, kry later 'n beduidende betekenis, want dit is waar Wenning en Milla mekaar in die dood ontmoet.
In die tweede plek dui die titel aan watter invloed mense se omstandighede op mekaar het in Vredenbaai. Hilda is 'n landmens en sy haat die see. Wenning is 'n seemens en die see bepaal sy lewensuitkyk. Milla bevind haar te midde van hierdie invloede wat noodgedwonge op haar inwerk. Sy bevind haar tussen liefde en haat vir die see.
In die derde plek dui die titel op die invloed wat mense op mekaar het. Hierdie invloed het twee motiewe, naamlik liefde en haat. Hierdie motiewe neem die gestalte aan van die karakters in die verhaal. Hilda haat die see, omdat die see haar man van haar af weggeneem het. Sy projekteer hierdie haat op Wenning, wat die see met 'n passie liefhet. Milla word deur haar ma beïnvloed om 'n landmens te word, maar haar liefde vir Wenning is uiteindelik sterker en dus is die invloed van die liefde in haar lewe sterker.
Die titel verwys ook na die invloed van die see op mense se leefwyse. (10)

**[30]**

# GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG
# NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
# LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

| | | TAAL EN STYL | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
| INHOUD | RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| | VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| | EERSTEKLAS | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| | GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| | ONDER-GEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| | SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| | ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

## NASIENTABEL: KREATIEWE SKRYFWERK (40)

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **RYK**<br>1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van die onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op die onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik-omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging. | **PUIK**<br>1. Ryk, oorspronklike beelde - funksioneel.<br>2. Afrikaanse idioom uitnemend aangebied - oorspronklik.<br>3. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>4. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>5. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>6. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak skryfstuk briljant. |
| **BAIE GOED**<br>1. Interessante, oorspronklike onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema: omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid. | **BAIE GOED**<br>1. Taal beeldryk (funksioneel) of nugter (konkreet).<br>2. Idioom, taal: funksioneel.<br>3. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie; natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend: oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek, maar kort deurleefdheid. |
| **GOED**<br>1. Vanselfsprekende onderwerpsiening.<br>2. Onderwerpgerig: konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema: sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waarneming: meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | **GOED**<br>1. Beperkte beeldende of nugter taalgebruik: skemer soms net deur.<br>2. Idiomatiese taal onbevredigend.<br>3. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>4. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>5. Weinig sprake van eie styl: skryf korrek soos geleer.<br>6. Goeie skryfstuk, maar sonder aanvoeling en deurlewing. |
| **ALLEDAAGS**<br>1. Geen spesifieke siening van die onderwerp nie.<br>2. Konsentrasie verbrokkel: afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema nie.<br>4. Progressie: min.<br>5. Doodgewone waarneming: geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek: eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend. | **GEMIDDELD**<br>1. Nie werklike beelde of nugter taalgebruik nie; wat gebruik word, is oorbekend.<br>2. Meer vaaghede in formulering - soms onbeholpe.<br>3. Onoorspronklike taalgebruik.<br>4. Anglisismes; foutiewe woordkeuse.<br>5. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek; herhaling van gedagtes.<br>6. Foute t.o.v. punktuasie, sinsbou, woordorde, onvoltooide sinne.<br>7. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek of oordryf. |
| **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie: aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie nie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam. | **ONDERGEMIDDELD**<br>1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag; geen beeldspraak en stylfigure nie; slegs afgesaagdes.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief; sinsfoute algemeen en punktuasie terloops; beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. |
| **ARM**<br>1. Onderwerp nie ter sake nie - geen insig nie.<br>2. Oppervlakkig - 'n doellose geklets.<br>3. Geen tema nie: patroon ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | **SWAK**<br>1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe, beperk.<br>3. Baie spelfoute; min eenheid.<br>4. Skryftegnieke verkeerd.<br>5. Algemene foute.<br>6. Druipeling. |
| **MISGETAS**<br>1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaar sameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. | **BEROERD**<br>1. Idioom lomp en onbeholpe.<br>2. Geen skryftegniek nie.<br>3. Geweldig baie foute.<br>4. Geen struktuur nie.<br>5. Volslae druipeling. |

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL**
**NASIENTABEL**
**KREATIEWE SKRYFWERK**

**TAAL EN STYL**

| | PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDER-GEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 40 | 36 | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 |
| BAIE GOED | 39 | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 |
| GOED | 37 | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 |
| ALLEDAAGS | 35 | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 |
| ONDER-GEMIDDELD | 33 | 29 | 25 | 21 | 17 | 13 | 9 |
| ARM | 32 | 28 | 24 | 20 | 16 | 12 | 8 |
| MISGETAS | 31 | 27 | 23 | 19 | 15 | 11 | 7 |

FUNKSIONELE

## SKAAL VIR KORTER OPDRAG (20)

## TAAL & STYL

INHOUD

| | Puik | Baie goed | Goed | Gemiddeld | Onder-gemiddeld | Swak | Beroerd |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Ryk** | 20 | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 |
| **Baie goed** | 19 | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 |
| **Goed** | 18 | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 |
| **Alledaags** | 16 | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 |
| **Onder-gemiddeld** | 14 | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 |
| **Arm** | 12 | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 |
| **Misgetas** | 11 | 9 | 8 | 6 | 5 | 3 | 2 |

## KORTER WERKSTUK

| RYK | BAIE GOED | GOED | ALLEDAAGS | ONDERGEMIDDELD | ARM | MISGETAS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Buitengewone, oorspronklike interpretasie van onderwerp.<br>2. Besondere konsentrasie op onderwerp.<br>3. Briljante sintuiglike waarneming en meelewing.<br>4. Duidelik omlynde sentrale tema.<br>5. Duidelike progressie.<br>6. Werk vorm 'n afgeronde geheel.<br>7. Sterk oortuiging.<br>8. Baie feite. | 1. Interessante oorspronklike, onderwerpvertolking.<br>2. Konsentrasie, maar geringe afdwaling.<br>3. Paragrawe nie meer heg verbind nie.<br>4. Besondere sintuiglike waarneming.<br>5. Sentrale tema; omlyning minder duidelik.<br>6. Mindere progressie.<br>7. Afgeronde eenheid.<br>8. Oortuigingskrag steeds sterk. | 1. Vanselfsprekende onderwerp siening.<br>2. Onderwerpgerig; konsentrasie ontbreek.<br>3. Sentrale tema - sporadies.<br>4. Progressie fragmentaries.<br>5. Sintuiglike waar-neming; meer algemeenhede.<br>6. Bevredigende afgeronde eenheid.<br>7. Bevredigende oortuigingskrag. | 1. Geen spesifieke mening van onderwerp.<br>2. Konsentrasie verbrokkel; afdwaling.<br>3. Geen opvallende sentrale tema.<br>4. Progressie - min.<br>5. Doodgewone waarneming; geen treffende siening nie.<br>6. Paragraafskakeling ontbreek; eenheid gaan effe verlore.<br>7. Argumente bietjie onoortuigend.<br>8. Vaaghede is kenmerkend. | 1. Siening, inhoud slegs plek-plek ter sprake.<br>2. Konsentrasie; aanbieding grootliks onsamehangend.<br>3. Sentrale tema ontbreek.<br>4. Geen progressie; patroon staties.<br>5. Beskrywing en waarneming vaag en kleurloos.<br>6. Skakeling: paragraafbou verbrokkel.<br>7. Lengte verontagsaam.<br>8. Inhoud is vaag en onvolledig. | 1. Onderwerp nie ter sake - geen insig.<br>2. Oppervlakkig - 'n Doellose geklets.<br>3. Geen tema; patroon Ontbreek.<br>4. Onoorspronklik.<br>5. Gedagtes los en sonder verband.<br>6. Growwe verontagsaming van lengte. | 1. Inhoud niks te make met onderwerp nie.<br>2. Deurmekaarsameflansing van niksseggende gedagtes.<br>3. Growwe verontagsaming van lengte.<br>4. Besliste druipeling. |

| PUIK | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | ONDERGEMIDDELD | SWAK | BEROERD |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Ryk, funksionele taal.<br>2. Taal deurleef en goed genuanseerd.<br>3. Buitengewone taalaanvoeling; oorspronklike sinsbou.<br>4. Gebruik leestekens as uitdrukkingsmiddel.<br>5. Alle taalmiddele dra by tot gebalanseerde geheel; maak opstel briljant. | 1. Taal funksioneel of nugter (konkreet).<br>2. Taal grootliks oorspronklik; woordeskat getuig van breë taalkennis.<br>3. Korrekte paragrafering, sinsbou, punktuasie; natuurlikheid ontbreek.<br>4. Styl vloeiend; oorspronklikheid ontbreek bietjie.<br>5. Taal klinies korrek maar kort deurleefdheid. | 1. Oorspronklike taalgebruik beperk, maar taal steeds bogemiddeld.<br>2. Paragrafering, sinsbou, punktuasie toon foute; spelfoute kom voor.<br>3. Weinig sprake van eie styl; skryf korrek soos geleer.<br>4. Goeie opstel, maar sonder aanvoeling en deurlewing. | 1. Meer vaghede en [illegible] - soms onbeholpe<br>2. Onoorspronklike taalgebruik.<br>3. Anglisismes; foutiewe woordkeuse.<br>4. Paragrafering willekeurig; hegte bou ontbreek, herhaling van gedagtes.<br>5. Foute t.o.v. punktuasie, woordorde; onvoltooide sinne.<br>6. Alledaagse skryfstyl; skryftegnieke ontbreek, of oordryf. | 1. Uitdrukkingsvermoë lomp en vaag.<br>2. Verbeeldinglose taal; beperkte woordeskat.<br>3. Paragrafering foutief, sinsfoute algemeen en punktuasie terloops; beperkte gebruik van leestekens.<br>4. Styl omslagtig en onbeholpe.<br>5. Baie spelfoute.<br>6. Toenemende anglisistiese inslag. | 1. Kan nie gedagtes oordra nie.<br>2. Taal lomp, onbeholpe en beperk.<br>3. Baie spelfoute, min eenheid.<br>4. Telegramstyl.<br>5. Skryftegnieke verkeerd.<br>6. Algemene foute.<br>7. Druip. | 1. Geen skryftegniek.<br>2. Geweldig baie foute.<br>3. Geen struktuur.<br>4. Volslae druip. |

## NASIENTABEL VIR KORTER, FUNKSIONELE SKRYFSTUKKE

E

ASSESSERINGSKRITERIA

### TAAKAANDUIDERS

| | | | |
|---|---|---|---|
| **INHOUD: 40%** | | | |
| VLAK 1 [4] | VLAK 2 [3] | VLAK 3 [2] | VLAK 4 [1] |
| Besondere onderwerpsiening. Gepaste, relevante inhoud. 'n Afgeronde geheel met sterk oortuigingskrag. Werklik voortreflik. | Vanselfsprekender onderwerpsiening. Gepaste inhoud. 'n Goeie geheel met oortuigingskrag. | Onoortuigende onderwerpsiening. Verbrokkelende inhoud. 'n Bevredigende geheel. | Onderwerp nie ter sake [misgetas]. Onoorspronklik en onsamehangend. Neem geen standpunt in nie. Samevoeging van niksseggende gedagtes. 'n Onbevredigende geheel. |
| **TAAL EN STYL: 60%** | | | |
| VLAK 1 [3] | VLAK 2 [2] | VLAK 3 [1] | VLAK 4 [½] |
| *TAAL VERONDERSTEL HIER UITDRUKKINGSVERMOË, TAALGEBRUIK, TAALKENNIS, WOORDESKAT, TOONAARD, SPELLING EN PUNKTUASIE. | | | |
| Besonder toepaslik<br>Genuanseerd<br>Gevarieerd<br>Ryk<br>[Byna] foutloos | Toepaslik<br>Korrek<br>Bo-gemiddeld<br>Enkele foute kom voor | Alledaags<br>Oorbekend<br>Hinderlike/herhalende foute | Lomp<br>Beperk<br>Onbeholpe<br>Bale foute |
| • STYL VERONDERSTEL HIER DIE KORREKTE VORM VIR DIE GEKOSE SKRYFSTUK, DIE REGTE REGISTER, SINSKONSTRUKSIE EN PARAGRAFERING EN DIE NAKOMING VAN GESTELDE LENGTEVEREISTES. | | | |
| Konvensies word nagekom<br>Vloeiend<br>Gemaklik<br>Oorspronklik<br>Gestruktureerd<br>Deurleefd<br>[Byna] foutloos<br>Uitstekend | Steeds sensitief vir konvensies, maar minder suksesvol<br>Vloeiend<br>Klinies korrek, sonder deurleefdheid<br>Goed<br>Enkele foute kom voor | Onsensitief vir konvensies<br>Gewoon<br>Willekeurig<br>Verontagsaming van lengtevereistes<br>Bevredigend | Konvensies ontbreek<br>Omslagtig<br>Onvanpas<br>Onbevredigend<br>Growwe verontagsaming van lengtevereistes |